

**Donderdag 30 Junie**

**Skrifgedeelte: Habakuk 3**

**Fokusgedeelte: Habakuk 3:17, 18**

**Ons blydschap is persoonlik**

Habakuk bid hierdie gebed van hoofstuk 3 in die wete dat God baie swaar beproewinge oor die volk gaan bring deur die komende ballingskap na Babel. Só swaar dat vers 17 sê daar gaan menslik gesproke niks meer wees om oor bly te voel nie.

Wanneer ons van blydschap praat, sê ons gewoonlik dat ons bly is oor iets of iemand. Dit wil sê dat blydschap iets is wat ek oor iets of iemand voel. Die profeet sê egter dat hy steeds bly kan wees in die omstandighede van vers 17, want sy blydschap is nie oor iets of iemand nie. Sy blydschap is in 'n Persoon geleë. Die aard van sy blydschap is daarom radikaal anders.

God self is die bron van 'n gelowige se blydschap. Daarom gebruik Habakuk ook God se Verbondsnaam (Jahweh) en lê die klem op God wat sy Redder is.

Ware blydschap realiseer dus in die lewende verbondsverhouding met God, waar ons vanuit sy reddende genade leef. Wanneer 'n mens in lewende gemeenskap met God leef, is blydschap nie meer net 'n gevoel nie; blydschap word 'n lewenswyse waardeur ek God verheerlik en die kwaad bestry. En wanneer God die bron van ons blydschap is, gebeur daar nogtans die wonder dat 'n gelowige so baie vind om oor bly te kan wees.

Wees getroos, ons blydschap is nie 'n gevoel wat ons self moet aktiveer nie. Ons blydschap is Persoonlik, dis in die God van ons heil geleë wat sy Seun vir ons geoffer het en sy Gees in ons harte uitgestort het.

*Sing: Psalm 97-1:1, 7*

*Ds. RA Bain (Ronald) (Orania)*